

BOEKRESENSIES

H. Jonker, Theologiese praxis, probleme, peilinge en perspektiewe
bij kenterend getij, G.F. Callenbach, Nijkerk 1983, 356 pp.
 Prys R32,13.

'n Baie belangrike boek van 'n kundige skrywer op 'n goeie tydstip! Talle vrae op die terrein van die inleiding tot die praktiese teologie, die uitgangspunte, die studieveld, die studiemetodes, die verhouding tot ander teologiese vakke en ook tot nie-teologiese vakke - ja die hele vraag van die verhouding: teorie - praxis - staan tans in die brandpunt van belangstelling. Veral vanuit Duitsland vloei 'n stroom van publikasies oor hierdie saak en daarin kom die mees uiteenlopende gesigspunte na vore, wat groot verwarring wek. In hierdie publikasie bied prof. H. Jonker, praktiese teoloog vir die afgelope 25 jaar te Utrecht, 'n boek wat helder en duidelike koers aanwys. Dit vervul inderdaad in 'n dringende behoefte.

In hierdie werk is sy vroeëre publikasie, t.w. Leve de Kerk, verdiskonteer, maar dit is tegelyk aansienlik omgewerk en uitgebrei. Die skrywer wil in hierdie werk die verhouding van die verskillende subvakke van die vak praktiese teologie tot mekaar aandui, asook die verhouding daarvan tot die ander teologiese vakke en veral ten opsigte van die sogenaamde hulpwetenskappe vir die praktiese teologie, naamlik, die psigologie, die sosiologie, die pedagogiek, ens. Daar word geen geskiedenis van die praktiese teologie gebied nie, maar daar word vanuit die hede dieptepeilinge in die verlede gemaak ter beantwoording van die vrae van die hede. Veel aandag word gegee aan die analise van die kulturele en maatskaplike situasie in die hede en die resente verlede.

Die vertrekpunt van die skrywer is nie die amp of die kerk of die gelowige-maatskappy-verhouding nie, maar die "waarheidsverwerkliking op zoek naar een totaliteitsvisie". Hierin kom sy sterk klem op die eksistensiële uit, maar wat hy veral vanuit Christus vul. Hier sou 'n mens

veel eerder die vertrekpunt vanuit die diakonia (dienste) van Christus wou gehad het. Deurgaans beklemtoon die outeur die noodsaaklikheid van die gesonde Bybelse beginsels, maar dit word konsekwent in 'n spanning-situasie van die werklikheid geplaas - sy model is dié van interpolêre benadering. Die waarheidsverwerkliking van die heilsopenbaring in hierdie lewe word omskryf, maar dan steeds so dat klem gelê word sowel op die essensie van die evangelie as ook op die waarheidsworsteling van die moderne mens.

Die boek is boeiend en stimulerend geskryf. Dit is bedoel vir studente in die teologie, vir predikante, maar ook vir gelowiges. 'n Massa gegewens rondom die vak praktiese teologie word aangebied maar tegelyk word dit deurgetrek na die konkrete lewe. Die boek laat blyk die insig en belesenheid van die outeur. Aan die einde van die boek volg 'n aantal praktiese adviese uit sy lang ervaring as dosent van hierdie vak. So kom die teoretiese teologiese besinning op die vlak van die alledaagse menslike samelewing, met sy konkrete vrae na die intermenslike verhoudings.

Hierdie boek kan met groot vrug deur studente en predikante gebruik word. Hartlik aanbeveel!

A.C.B.

-----oOo-----

C. Graafland, J. Kamphuis, W. van't Spijker en K. Exalto (reds.), Luther en het gereformeed protestantisme, Boekencentrum, 's Gravenhage 1982, 317pp. Prys R21.23.

'n Bundel van Nederlandse kant om die 500-jarige herdenking van Luther se geboorte te herdenk. In 'n tiental artikels deur agt skrywers word Luther se invloed op ander hervormers en die gereformeerde protestantisme aange-
toon.

Die eerste bydrae getiteld Luther is deur drs. K. Exalto. Hy gee 'n oorsig van Luther as Christen, as mens, sy geestelike ontwikkeling en sy

ontdekking van die waarheid en siening oor wat die geregtigheid van God is. Luther se belangrikste taak was nie die hervorming van die kerk nie maar veeleer die hervorming van die teologie soos dit beoefen is aan die universiteit in Wittenberg. Ten slotte word daarop gewys dat Luther geen heilige was nie maar dat hy soms uiters heftig opgetree het en in die hitte van die stryd ook baie beledigend was bv. o.a. teenoor Zwingli. Maar uiteindelik was hy bewus daarvan dat hy tegelyk 'n sondaar en geregtig was.

Dr. C.A. Tukker gaan in sy artikel Luther-Zwingli- Zürich uit van A. von Harnack se stelling dat Luther die ou dogma herstel het en die enigste persoon was wat die titel "hervormer" verdien. Tukker wys daarop dat Zwingli reeds in 1516 met reformatoriese optrede besig was en as hervormer langs eie weg Christus leer ken het en dus saam met Luther ook die benaming "hervormer" verdien.

In 'n volgende bydrae bespreek prof. W. van't Spijker die invoering van die hervorming in Straatsburg. Aanvanklik was die Straatsburgers baie simpatiek teenoor Luther se opvattinge maar later beweeg hulle in die rigting van Zwingli. Uiteindelik was Bucer en Calvyn se gedagtes die deurslaggewende.

Die verhouding tussen Calvyn en Luther word behandel deur dr. W. Balke. Luther se invloed op Calvyn, lg. se selfstandigheid teenoor Luther, die brief van Calvyn aan Luther wat toe nooit deur Melancton aan Luther afgelewer is nie en hul verskil in waardering van die Theologia Deutsch wat deur Luther hoog aangeslaan is en deur Calvyn met afkeer bejeën is, kom onder bespreking.

In 'n tweede artikel uit die pen van prof. Van't Spijker behandel hy Calvinisme en Lutheranisme 1550-1580. Hy toon aan hoedat die protestante gaandeweg bewus geword het van die onderskeid tussen die twee rigtings terwyl die Engelse afgevaardigdes op Dordt in 1619 nog gepleit het dat hulle die Lutherane as gereformeerde beskou. In drs. K. Exalto se tweede bydrae behandel hy Luthers leer van die praedestinasie en besluit dat die erfenis van Luther altans op hierdie punt deur die Calvinisme beter bewaar is as deur die Lutheranisme.

'n Baie interessante bydrae is die van prof. J. Kamphuis oor Luther over de boete. Aan die begin van Luther se werk "die Babiloniese gevangenskap van die kerk" handhaaf hy nog die boetedoening as sakrament maar aan die einde van die geskrif verander hy van gedagte en erken hy dit nie meer as sakrament nie. Hy besef dan dat die sigbare teken en goddelike instelling ontbreek om dit as sakrament te laat geld. Verder het hy ook besef dat die belofte van heil wat in die doop toegesê is, voortduur en boete is niks anders as om in berou terug te keer tot hierdie belofte van genade wat in die doop gegee en verseël is. Die doop is dus geensins afgeloop met die eenmalige toediening daarvan nie maar wanneer die gelowige in sonde val moet hy net deur geloof terugkeer na die standvastige en blywende belofte van God. Daarom is die Christen se hele lewe een van boetvaardigheid, terugkeer na die doop en so na die belofte van vergewing wat daarin verseël is.

Prof. dr. C. Graafland se bydrae is Luthers leer van Woord en Geest in relatie tot het gereformeerde protestantisme en prof. dr. J. van Genderen skryf oor Luthers visie op wet en Evangelie met name in het grote commentaar op de Brief aan de Galaten.

Dr. J. Hoek behandel Luthers twee-rijken-leer. Na 'n kort oorsig oor wat Luther daarmee bedoel, stel hy 'n paar vrae nl. of Luther met verloop van tyd konsekwent volgens die leer opgetree het veral met sy houding ten opsigte van die boere-opstand en die oorlog teen die Turke. Die vraag of Luther se gedagtegang vandag nog rigtinggewend is, word bevestigend beantwoord en ten slotte word Calvyn se houding teenoor die van Luther gestel ten opsigte van staat, owerheid en burgerskap.

'n Nuttige bundel wat 'n wye veld aanraak, deur kundiges geskrywe is en wat vir ons as gereformeerdes ook van groot belang is. Die literatuur oor die hervorming is daardeur verryk.

C.F.A.B.

J.C. Adonis, Die afgebreekte skeidsmuur weer opgebou, Rodopi, Amsterdam 1982, 238pp. Prys R15,00. (Beskikbaar gestel deur NG Kerkboekhandel, Pretoria).

Dr. Adonis, leraar in die NG Sendingkerk, het verlede jaar met hierdie proefskrif aan die Vrije Universiteit in Amsterdam gedoktoreer. Die titel van die boek kontrasteer bewustelik met die boek van prof. J. Verkuyl - Breek die mure af! - en slaan ook op die gedeelte in Efesiërs 2:14. Die skrywer sien dan ook in al die pogings van die Ned. Geref. Kerk rondom die formulering van 'n "sendingbeleid", en sy siening van ras-severhoudinge, 'n bykans krampagtige poging om die skeidsmuur wat God self tussen mense afbreek het weer op te bou! Daarom sy onderskrif by die titel: Die verstrengeling van die sendingbeleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika met die praktyk en ideologie van die Apartheid in historiese perspektief.

Na 'n eerste hoofstuk waarin hy die historiese, politieke en sosiale kontekste van Suid-Afrika kortliks skets, volg vier hoofstukke waarin hy die Ned. Geref. Kerk en sy siening van sending histories nagaan. Eers behandel hy die tydperk 1652 tot met die Groot Trek. Alhoewel die ondergeskikte posisie van die Kerk dit grootliks uitgesluit het dat die Ned. Geref. Kerk as sodanig sending kon bedryf, was daar verhoudings met sendelinge. Sedert die eerste sinode van 1824 is daar egter wel aan eie kerklike sendingwerk aandag gegee.

Die periode ná die Groot Trek is in 'n groot mate bepaal deur die reaksie van die Kerk op die sendelinge se houding ten opsigte van die verklaarde beginsel van "geen gelykstelling" in die Boere Republieke. Die Duitse sendelinge se siening het nader gekom aan dié van die Boere en hulle is daarom in die noorde verwelkom - anders as die sendelinge van die LMS wat oor die algemeen dieselfde standpunte as die Engelse owerheid aan die Kaap gehad het. Ook in die Kaapkolonie het dieselfde beginsel gelei tot die bekende gebruik sedert 1857 dat aparte erediensdienste en so meer vir gekleurdes gehou is.

In 1935 het die NG Kerk vir die eerste keer 'n offisiële sendingbeleid aanvaar. Missiologies het hierin veral meegewerk die invloed van die

Anglikaan Venn en die Duitsers Gutmann, Keysser en Warneck. Dit is vir dr. Adonis egter veral die uitgangspunt van "geen gelykstelling" (en alles wat daarmee saamgaan) wat hierin die finale woord gespreek het. Boeiend is sy beskrywing hoedat in die jare tot 1956 (veral sedert die middel veertigerjare) daar gepoog is om 'n Bybelse fundering vir die sendingbeleid te vind. Net so ook die dringende, maar onsuksesvolle, pogings om ook ander (Engelse) kerke tot dié sienswyse oor te haal.

Vanaf 1956 tot 1978 is hierdie beleid dan ook volledig uitgebou tot die stuk Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif. Talle kerklike en interkerklike vergaderings, en leidende teoloë, word aan die woord gestel.

Wat is egter die agtergrond, die drywende krag agter die hele siening? Dr. Adonis dui aan hoedat die vertrengeling van die Ned. Geref. Kerk met die Afrikanervolk en sy kulturele, politieke en ekonomiese belange veroorsaak het dat die ideologie van apartheid ook syne geword het. Dit is dan wesenlik hierdie ideologie wat die sendingbeleid bepaal het.

Voordat hy in sy laaste hoofstuk sistematiese kritiek lewer, dui die skrywer eers in die sewende hoofstuk aan hoedat die ekumeniese beweging sedert 1910 oor rasseverhoudinge geoordeel het. Die bemoeienis met Suid-Afrika se rassebeleid en die siening van die Ned. Geref. Kerk, het uiteindelik uitgeloop op die oprigting van die bekende PCR (Programme to Combat Racism) en sy hulp aan bevrydingsorganisasies.

Sy kritiek van die sendingbeleid berus hoofsaaklik op die ideologiese bepaaldheid wat hy deurgaans bespeur. Veral betekenisvol is sy woorde: "...dat hierdie sendingbeleid van die Ned. Geref. Kerk in feite geen sendingbeleid is nie en dat dit ook niks met sending in die bybelse sin van die woord te doen het nie.... Hul sendingbeleid het wel alles met die praktyk en ideologie van apartheid te maak". (p.196). Verder sentreer sy kritiek rondom die Skrifgebruik in die fundering van die beleid en die moeder-dogter verhouding wat ontstaan het.

Sy aanwysing vir die toekoms vloei voort uit sy voorstel dat so gou as doenlik weggemaak moet word met die sendingbeleid ten gunste van "die vol-

ledige, organisatoriese en institusionele eenwording van die vier Ned. Geref. Kerke". (p.207) Sy slotbladsye is 'n beskrywing van hoe hy hierdie eenwording sien: die strukture en prosesse daartoe.

Hierdie is 'n belangrike boek wat beslis ook deur die kommissie wat Ras, Volk en Nasie hersien, ernstig geneem moet word. 'n Hele klomp gegewens is byeengebring en geïnterpreteer. Die interpretasie is weliswaar uit 'n bepaalde hoek, maar ek twyfel nie daaroor dat dit die perspektief van die jonger Ned. Geref. Kerke is nie. Ek meen dat dit wel 'n gespreksbydrae is wat van groot waarde is.

Afgesien daarvan dat ek nie alles onvoorwaardelik onderskryf wat dr. Adonis sê nie, wil ek slegs twee punte van kritiek opper. Eerstens gee hy geen blyke van begrip vir die baie goeie bedoelinge wat soveel van die ontwerpers van die gewraakte beleid wel (myns insiens) sonder twyfel gehad het nie. Ons almal het die wysheid nodig om dwalende christenbroeders te reg te wys sonder om hulle duiwelse trawante te maak. ~~More-oormore~~ verwag ons weer dat ons dwalings in 'n goeie lig gesien moet word! Tweedens vind ek dit 'n ernstige leemte as 'n intensiewe studie oor die ontwikkeling van die sendingbeleid van die Ned. Geref. Kerk geen blyke van bekendheid toon met die sendingtydskrif Op die Horison wat juis dié forum vir besinning oor hierdie sake was in die dertiger- tot sestigerjare.

J.J.K.

-----oOo-----